AB-2 BELYDENIS VAN BELHAR : GESPREKSDOKUMENT

1. INLEIDING : VAN SINODE NA SINODE

Die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2011 oor die Belydenis van Belhar, het 'n proses voorsien waarin daar deeglik oor die historiese-, teologiese- en kontekstuele intensie en relevansie van die belydenis gepraat sal word.

Aan die begin van verlede jaar (2012) is 'n Taakspan deur die **Algemene Sinode** se Moderamen (ASM) aangewys, wat sedertdien drie keer vergader het om oor hierdie proses te besin. 'n Eerste doelwit van hierdie Taakspan was om op hoogte te kom van en te bly met die verskillende gesprekke wat in die onderskeie streeksinodes oor die Belydenis van Belhar gevoer word. So is daar byvoorbeeld in die afgelope jaar sinodale byeenkomste in Natal, Mpumalanga en die Hoëveld gehou en het die sinodes van die Oos-Kaap en Wes-Transvaal ook formele besluite oor die Belydenis van Belhar geneem. 'n Tweede doelwit van die ASM-Taakspan was om goeie inligting oor die Belydenis van Belhar aan sinodes, kerkrade en lidmate te voorsien. Die belangrikste uitkomste hiervan was die skepping van 'n webbladsy met verskillende perspektiewe op die gesprek (te sien by www.belydenisvanbelhar.co.za), asook 'n publikasie met die oog op gemeentelike gesprekke en Bybelstudie, *"Belydenis van Belhar. In gesprek met mekaar"* (Van Wyk, Simpson, Nel). Oor hierdie prosesse is daar onder andere in *Kerkbode* berig, maar ook in die dagpers en oor RSG. 'n Belangrike verwikkeling was die vergadering van die Algemene Taakspan Regte (ATR) in April 2013, waarvan die besluite hieronder weergegee word.

In die **Vrystaat** het die Moderamen van die NG Kerk eweneens 'n Taakspan uit eie geledere aangewys en het daar op 19 Februarie 2013 'n sinvolle en insiggewende gesprek in die Moderamen oor die Belydenis van Belhar plaasgevind. Daar is besluit om die dokumentasie wat deur die plaaslike Taakspan voorberei is en as basis vir die gesprek in die Moderamen gedien het, aan kerkrade beskikbaar te stel in die aanloop tot drie streeksbyeenkomste wat aan die begin van Maart 2013 in Bloemfontein, Kroonstad en Bethlehem gehou is. Die bedoeling van hierdie byeenkomste was die deurgee van inligting, sowel as om te luister na die menings en standpunte van verteenwoordigers uit gemeentes van regoor die Vrystaat. Aldrie byeenkomste is redelik goed bygewoon en die gesprekke oor die Belharbelydenis was openhartig en intens. Terugvoer uit die streeksbyeenkomste is verwerk en aan die Moderamen voorgelê, en ná bespreking gefinaliseer in hierdie gespreksdokument wat nou aan die Sinode van die NG Kerk Vrystaat by Bothaville deurgegee word. Die bedoeling hiermee is om op 'n gebalanseerde wyse inligting aan afgevaardigdes na die Sinode deur te gee en daarmee die gesprek te verbreed.

Die standpunt en aanbeveling van die Moderamen word in paragraaf 4 hieronder weergegee.

Die inhoud van hierdie gespreksdokument is die volgende:

1.	Inleiding	p 1
2.	Uiteensetting van besluite van die Algemene Sinode en die ATR	p 2
3.	Terugvoer van die Vrystaatse saamtrekke	p 7
4.	Aanbeveling van die Moderamen aan die Vrystaatse Sinode	p 12
5.	Bylaag A: *Die Belydenis van Belhar*	p 14
6.	Bylaag B: *Die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar*	p 18
7.	Bylaag C: *Die Laudium Verklaring*	p 21
8.	Bylaag D: "Eenheid, versoening, geregtigheid..." – dr Gideon v/d Watt	p 24
9.	Bylaag E: "Belhar: Nie as belydenisskrif..." – prof Johan van Rensburg	p 29
10.	Bylaag F: "Belhar: Getuienis, stok en staf, credo?" – ds Jan Lubbe	p 32

* * * * * * *

2. VAN BIRCHWOOD NA BELHAR: DIE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011

Die Algemene Sinode wat in Oktober 2011 by die Birchwood Konferensiesentrum gehou is, het die volgende besluite oor die Belydenis van Belhar geneem (net hoofpunte):

"1. Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.

2. Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar."

3. Die Algemene Sinode wys daarop dat die NG Kerk in gesprek is met die VGKSA. Die gesprek word gefasiliteer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.

4. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om, as deel van die proses, 'n deeglike studie te doen van die historiese, teologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis ten einde die volgende Algemene Sinode en alle kerkvergaderings te adviseer."

'n Volgende besluit het oor kerkhereniging gegaan en die Belydenis van Belhar ook ter sprake gebring:

> "*Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit deel wil maak van die nuwe verband. Ons is verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.*
>
> *Ons erken dat daar in die NG Kerk baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar onderskryf. Ons erken ook dat daar baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid maar om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.*
>
> *Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het. Ons is oortuig dit is moontlik om een te word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal – insluitende ons verskille.*"

Hieruit het daar nóg 'n besluit gevloei, met 'n voorstel van hoe die Belydenis van Belhar deel kan word van die belydenisgrondslag van 'n herenigde kerk:

"1. Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat

(a) 'n Groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens 'n verskeidenheid faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004); en

(b) dat hierdie verskille oorbrug kan word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.

2. Soos ooreengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om dmv 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons saam in beide kerke met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.

3. Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die

kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

4. *Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.*

5. *Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt. 4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:*

   1. *Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in*

   1.1 *die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en*

   1.2 *die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.*

   1.3 *In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.*

   1.4 *Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.*

   2. *Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte."*

(AS Besluiteregister 2011 en Die *Kerkorde 2011*, pp 140 tot 143)

Ter wille van volledigheid, moet die volgende uittreksels uit die **Kerkorde 2011** as vertrekpunt vir die gesprekke en proses gegee word:

Hoofstuk 1 – DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 2
2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

Artikel 44

44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met ’n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

44.2 Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.

44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die Kerkorde wysig of aanvul met ’n tweederdemeerderheidstem.

Terwyl Artikel 1 die belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk stel, toon Artikels 44.1-44.2 die weg (proses) aan wat gevolg móét word indien die belydenisgrondslag gewysig word. Tot voor die Algemene Sinode 2004 het Artikel 44.1 soos volg gelui: “Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ‘n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.” Die “....én twee derdes van alle kerkrade elk met ’n tweederdemeerderheid....” is in 2004 bygevoeg. Oor hoe hierdie proses onder leiding van die kerkraad in ‘n gemeente kan verloop, word daar in **Reglement 21 van die Kerkorde 2011** meer besonderhede gegee:

REGLEMENT 21 – REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES, EN DIE VORMING VAN ‘N NUWE KERKVERBAND

6. DIE WYSIGING VAN DIE BELYDENIS EN VORMING VAN ‘N NUWE KERKVERBAND

6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met ’n tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.

6.2 Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:

6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens ’n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.

6.2.1.1 Lidmate wat ’n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.

6.2.2	Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.
6.2.2.1	Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys.
6.3	Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.
6.4	Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.
6.5	Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

By hul vergadering van 22 tot 24 April 2013 het die **Algemene Taakspan Regte** (ATR) op versoek van die ASM ‘n vertolking van bogenoemde besluite gegee en op die onlosmaaklike verband tussen hierdie besluite gewys. Daarby is vervolgens geoordeel:

“2.2 Die besluit oor die Belydenis van Belhar (pt. 5 onder kerkhereniging, op bladsy 3 en 4 hierbo), alhoewel in die konteks van kerkhereniging geneem, het ‘n definitiewe impak gehad op die besluit wat oor die Belydenis van Belhar, ongeag kerkhereniging, geneem is.

2.3 Die Algemene Sinode het binne die bevoegdheid verleen in terme van Artikel 43.1 en 43. (van die Kerkorde) gehandel deur die besluit te neem “om die Belydenis van Belhar op ‘n kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak”.

2.4 Die besluit van die Algemene Sinode “om die Belydenis van Belhar op ‘n kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak”, kan nie anders vertolk word as ‘n voorneme om die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag te maak nie.

2.5 Die besluit kan nie vertolk word losstaande van die besluit om, “as deel van die proses, ‘n deeglike studie te doen van die historiese-, teologiese- en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis, ten einde die volgende Algemene Sinodesitting en alle kerkvergaderings te adviseer” nie.

2.6 Die Algemene Sinode is nie in 2011 gevra om in terme van Artikel 44 van die Kerkorde goed te keur dat die Belydenis van Belhar as ‘n belydenisskrif aanvaar word nie. Artikel 44.1 vereis ‘n tweederdemeerderheid van elke sinode én ‘n tweederdemeerderheid van twee derdes van alle kerkrade, alvorens die Algemene Sinode in terme van artikel 44.3 kan besluit om sy eie Kerkorde dienooreenkomstig met ‘n tweederdemeerderheid te wysig. Die kerkordelike proses vir die moontlike wysiging van die belydenisgrondslag is hiermee aan die gang gesit.

2.7 Die Algemene Sinode het in terme van Artikel 44 ‘n voorlopige besluit geneem oor die wysiging van die belydenisgrondslag. Hierdie voorlopige besluit moet opgevolg word met ‘n formulering vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde, wat nog deur die volgende Algemene Sinode met ‘n tweederdemeerderheidstem goedgekeur moet word. Hierdie voorstel moet daarna in terme van Artikel 44.1 vir die vereiste tweederdemeerderheid goedkeuring aan sinodes en kerkrade voorgelê word. Eers nadat hierdie goedkeuring van al die

sinodes en tweederdes van kerkrade met 'n tweederdemeerderheidstem verkry is, kan die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 finaal in terme van Artikel 44.3 deur die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur word.

2.8 *Die besluit "om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak", is onderhewig aan die voorafgaande besluit dat dit opgeneem word "op so 'n wyse dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate nie vanselfsprekend dit as belydenisskrif hoef te aanvaar nie."*

Hierdie besluit van die ATR gaan in Oktober 2013 vir ratifikasie aan die Algemene Sinode voorgelê word.

Dit was vir die Taakspan duidelik dat die besluite van die Algemene Sinode 2011, die bepalings van die Kerkorde 2011 en die advies van die ATR, die Vrystaatse Sinode en alle kerkrade in die sinodale gebied voor die uitdaging stel om die kerkordelike prosesse met absolute integriteit, deursigtigheid, eerlikheid, regverdigheid, verantwoordelikheid en in onderlinge liefde, geduld en in 'n gesindheid van wedersydse respek te bestuur sodat – ongeag die uitkoms daarvan – niemand met reg 'n vinger van beskuldiging na die NG Kerk in die Vrystaat sal kan wys nie. Inteendeel: in die hele proses moet dit ons doelwit wees om alles "gepas en ordelik" (1 Korintiërs 14:40) en tot eer van God alleen te doen (1 Korintiërs 10:31).

* * * * * * *

3. VAN BELHAR NA BOTHAVILLE: TERUGVOER UIT DIE VRYSTAATSE STREEKS-BYEENKOMSTE

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het drie streeksbyeenkomste van 4-6 Maart 2013 in Bloemfontein, Kroonstad en Bethlehem gehou, waar daar onder andere inligting oor die proses rakende die Belydenis van Belhar deurgegee is en geluister is na die menings en vrae van verteenwoordigers en belangstellendes uit gemeentes. In 'n sekere sin was dit 'n voorbereidende gesprek met die oog op die proses soos deur die Algemene Sinode voorsien, en was dit – soos reeds genoem – besonder openhartig en intens. Die wyse waarop die gesprek oor die Belydenis van Belhar by die drie streeksbyeenkomste ingerig is, het tot 'n groot mate ook die trant en uitkoms daarvan beïnvloed: in Kroonstad, waar daar tyd en die fisiese ruimte was om goeie kleingroepbesprekings te kon voer, het dit tot teologiese diepte in die groter terugvoergesprek gelei en is daar aan die einde 'n openheid, vertroue en pastorale sensitiwiteit vir die kompleksiteite van die proses beleef. In Bloemfontein en Bethlehem het dit in 'n mindere mate gebeur.

Wat hieronder volg is 'n oorsig van die belangrikste indrukke wat deur lede van die Taakspan waargeneem is en uit die volgende bronne aangevul en verwerk is:

- Terugvoer van die luisterspan van vier lede.
- 'n Kort verslag wat deur die voorsitter van die Moderamen saamgestel is.
- "Die Belhar-proses", standpuntstelling van broer Piet Theron (Red van *"Belhar Geweeg"*, 2012, Bloemfontein: Kraal Uitgewers).
- "Kommentaar op die Belhar-Belydenis", standpunt van ds Jacob Badenhorst (Parys-Suid).
- Brief van ds Carlie Schiel (Deneysville) aan die voorsitter van die Moderamen.

3.1 Die **besluit van die Algemene Sinode Oktober 2011** was aanvanklik vir baie teenwoordiges onduidelik en van 'n omgekeerde orde: "die kar is voor die perde ingespan", by wyse van spreke. Die proses om oor die Belydenis van Belhar te besluit moes "van onder af" begin het, dit wil sê vanaf kerkrade na die streeksinodes en uiteindelik kon die Algemene Sinode dit dan finaliseer. Sou dit ons nie gehelp het

as die Algemene Sinode net besluit het om "voor te stel dat die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag gemaak word" in plaas van om dit as 'n definitiewe besluit te stel? Volgens mense teenwoordig het die Algemene Sinode hierdeur die proses vooruitgeloop en die objektiwiteit en openheid daarvan in gedrang gebring – "die Algemene Sinode het klaar besluit"; die gesprek is nutteloos.

Tydens die streeksbyeenkomste is hierdie persepsie tot 'n mate opgeklaar deur die besluite te verduidelik, op die breëre verband en samehang daarvan te wys (soos hierbo ook deur die ATR uiteengesit) en lidmate te verseker dat die kerkordelike proses soos in Artikel 44 uitgespel, deur die Vrystaatse- én Algemene Sinode gerespekteer sal word.

Nóg 'n mening wat deur teenwoordiges gelug was, is dié dat die Vrystaatse NG Kerke reeds in 'n vorige rondte hul mening oor kerkhereniging gegee en oor die Belydenis van Belhar "besluit" het, naamlik dat dit nie aanvaar word nie. In hierdie verband is daarop gewys dat die meningspeiling van 2007 nie bedoel was as 'n kerkordelike proses soos in Artikel 44 beskryf nie òf dat dit as sodanig deur kerkrade hanteer is nie.

3.2 Daar is 'n groot mate van **agterdog jeens die proses** en **wantroue in die leierskap** waargeneem – en wat nie net tot die besluite en gesprek oor die Belydenis van Belhar beperk is nie. Teenwoordiges het na uitsprake van leiersfigure in die NG Kerk ten opsigte van die Belydenis van Belhar, kerkhereniging en algemene teologiese standpunte verwys, soos wat dit in die media (*Kerkbode* en algemeen) gerapporteer is. Onderliggend hieraan is daar 'n besorgdheid oor die NG Kerk in die algemeen gehoor: oor 'n kwynende lidmaattal; oor 'n gebrek aan toewyding; oor dreigende konflik, onmin en verdeeldheid; oor die feit dat vir baie gemeentes oorlewing die eerste prioriteit geword het.

Tydens die streeksbyeenkomste is daar moeite gedoen om die integriteit van die huidige proses te verduidelik en is daar tog ervaar dat 'n mate van vertroue deur die openhartigheid van die gesprek herstel is. Dat hierdie proses ons moet help om onderlinge eenheid en begrip vir mekaar te soek, is deurgaans beklemtoon en daarom moet daar nie sprake wees van dwang óf diskriminasie teen enige groepering vóór óf ná 'n uiteindelike besluit geneem is nie. Die proses sou ook nie noodwendig afgehandel of "geslaagd" wees wanneer daar eenvoudig 'n tweederde meerderheidsbesluit vír óf téén 'n verruiming van ons belydenisgrondslag geneem is nie: die kerk van Christus word deur sy Woord en Gees regeer; nie deur meerderhede wat minderhede op enige manier die deur wys nie. In die kerk luister ons na mekaar se getuienis en soek ons saam en met geloofsonderskeiding na die wil van God. Die proses rondom die Belydenis van Belhar vra dus eerlike, inklusiewe en effektiewe kommunikasie en dat daar sensitiwiteit in die styl van kerklike leierskap gereflekteer sal word.

3.3 Die **huidige konteks** waarin die gesprek oor die Belydenis van Belhar – met name in die Vrystaat – gevoer word, bemoeilik die proses en is daar by teenwoordiges hoë vlakke van weerstand hieroor waargeneem. Benewens agterdog, is daar van ontnugtering, frustrasie, verlies en woede gehoor. Die volgende faktore is ter verduideliking hiervan deur persone teenwoordig geopper:

- 'n algemene gevoel van onsekerheid en onveiligheid op die Vrystaatse platteland, in dorpe en stede;
- die impak van plaasaanvalle en misdaad op die boerderygemeenskap;
- die effek van 'n droogte wat in sommige gevalle al meer as een seisoen aankom en produksie en voedselsekerheid onder druk laat kom;
- wysigings in arbeidswetgewing en veral minimumloon wat verhoudinge tussen boere en werkers op talle plase gespanne gemaak het;

- die kwessie van grondhervorming en ‘n groeiende aandrang om prosesse en wetgewing in dié verband te versnel en selfs te wysig;
- die ineenstorting van infrastruktuur en dienslewering in talle dorpe en stede regoor die provinsie;
- die onrustigheid wat dit veral in armer gemeenskappe meebring en die polisie se beperkte vermoë om hiermee te handel;
- die hoë vlakke van werkloosheid onder veral swart jongmense;
- groeiende vervreemding tussen gemeenskappe en ‘n terugkeer van rasse-vooroordele; en
- gebrek aan leierskap en visie in talle gemeenskappe om konstruktief te werk aan die verbetering van lewensomstandighede vir almal in die Vrystaat.

In die gesprekke oor ons – die NG Kerk Vrystaat (se) – huidige konteks, is daar ook gereflekteer op die konteks waarin die Belydenis van Belhar in 1982 ontstaan het; ‘n konteks waarin verdeeldheid en vervreemding, onversoendheid en onreg, spanning en konflik destyds hoogty gevier het. Dit is juis in so ‘n konteks wat deur allerlei sosio-maatskaplike-, politieke- en etiese kwessies beïnvloed word, dat ons kerk van Christus moet wees en onsself teologies moet kan verantwoord.

3.4 Terwyl daar tereg besorgdheid behoort te bestaan oor dit wat in ons konteks aan’t gebeur is, is daar ongelukkig ook by sommige teenwoordiges kommerwekkende **ondertone** van ‘n onverdraagsaamheid teenoor ander (mense, kulture, kerke en menings) gehoor, en ‘n vasval in die “ons”/“hulle”-verdeeldhede uit die verlede én van die hede – ‘n manier van praat waarin teenpartye (byvoorbeeld diegene vir òf teen die Belydenis van Belhar) maklik geëtiketteer en in die proses vervreem word. In sommige gevalle is standpunte met ‘n felheid gestel wat vreemd is aan wat van Christene in die algemeen verwag kan word en in ‘n kerklike gesprek oor versoening behoort te gebeur.

Daarom is daar tydens die byeenkomste klem gelê op die feit dat dit in so ‘n konteks nodig is dat die kerk van Christus ‘n voorbeeld van eenheid, en draers van hoop en die boodskap van versoening moet wees. Daar moet ‘n helende “andersheid” wees in die manier hoe ons met mekaar omgaan, ook wanneer ons van mekaar verskil en ‘n groter diversiteit in die kerk – én samelewing – moet hanteer. Die uitdaging is om ten spyte van omstandighede, hierin aan Christus alleen gehoorsaam te bly.

3.5 Die Taakspan is gevolglik ná afloop van die streeksbyeenkomste nog meer oortuig dat daar in die Vrystaatse kerk **‘n gesprekskultuur** ontwikkel moet word waarin die volgende **waardes** nagestreef word – en nie net met die oog op die gesprek oor die Belhar nie, maar ook oor kerkhereniging en ons roeping as gelowiges in die algemeen:

- ‘n Bereidwilligheid en vaardigheid om onder leiding van die Gees en in die lig van die Woord gesprek te voer, d.w.s. om geloofsonderskeidend na die wil van God te soek;
- ‘n opregte gees van gebed;
- ‘n gesindheid van onderlinge liefde, respek en wedersydse vertroue;
- ‘n openhartige, eerlike en vrymoedige manier van luister en praat;
- ‘n ingesteldheid van leerbaarheid;
- ‘n verbintenis om deur ons gesprek te wil genees en verenig/herenig;
- ‘n gesprek vry van dwang; en
- inklusiwiteit waardeur kerke, ringe, sinodes en die breër verband van die Algemene Sinode betrek word, asook die familie van NG Kerke (VGKSA, NGKA

en RCA) en ander in die groter gereformeerde wêreld in ons land en internasionaal, sowel as stemme vanuit verskillende hoeke oor die Belydenis van Belhar.

3.6 Wat die **teologiese inhoud** van die Belydenis van Belhar betref, is drie waarnemings gemaak:

- Daar is lidmate by wie ernstige vrae bestaan oor die Bybelse begronding en ooreenstemming van die inhoud van die Belharbelydenis met ons gereformeerde belydenisskrifte. Dit gaan nie net oor spesifieke formulerings nie (veral: "dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes is"), maar ook oor wat genoem word 'n "horisontalisme"; 'n verskraling van die heilsboodskap tot ons etiese lewe; 'n te sterk fokus op sosio-politieke sake. Gaan dit regtig in die Belydenis van Belhar oor kernsake van die Christelike geloof? En indien wel, praat die Belydenis van Belhar nie dan daaroor in die taal van die bevrydingsteologie nie?

  Hierdie vrae kan alleen sinvol hanteer word deur 'n hernieude bestudering van die Belydenis van Belhar self, soos wat deur die Algemene Sinode voorsien is in 'n proses van luister en leer in die lig van die Skrif, gelei deur die Heilige Gees en getoets aan ons gereformeerde belydenisskrifte.

- Daar is by sommige lidmate steeds 'n onkunde oor wat die Belydenis van Belhar presies sê en wat nie, sowel as oor die historiese konteks waarin dit ontstaan het. Die Taakspan is besorg oor persepsies wat oor die afgelope drie dekades in die NG Kerk gevorm is oor die opstellers, intensie, aard en strekking van die Belydenis van Belhar én oor die funksionering daarvan in die VGKSA. Baie van hierdie persepsies berus op veralgemenings en ongegronde aannames, en maak dit vir sommige lidmate moeilik om 'n verantwoorde mening oor die Belydenis te kan vorm.

  'n Uiteindelike besluit oor óf en hoe die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem gaan word al dan nie, en waarmee die NG Kerk Vrystaat die toekoms geloofwaardig sal kan ingaan, sal nie op hoorsê geneem kan word nie, maar alleen op grond van persoonlike oorweging gelei deur sy Woord en Gees.

- Daar is ook lidmate vir wie die sake waaroor dit in die Belydenis van Belhar gaan – die kerk van Christus; eenheid, versoening en geregtigheid; en gehoorsaamheid aan God tot sy eer – in die hart van die Evangelie lê, en daarom deel is van ons Christelike getuienis in 'n verdeelde kerk en land, nie net in die tagtigerjare toe die Belydenis van Belhar opgestel is nie, maar ook vandag. Van die waarnemers het na hierdie standpunt as 'n "swygstem" verwys, komende onder andere van 'n jonger generasie waarvan daar min tydens die saamtrekke gehoor is of teenwoordig was. Binne hierdie oortuiging is daar weliswaar verskil van mening oor of dít beteken dat die Belydenis van Belhar noodwendig 'n belydenisskrif soos die Drie Formuliere van Enigheid moet wees al dan nie – hieroor gaan die volgende punt van bespreking.

3.7 'n Belangrike kwessie wat tydens die streeksbyeenkomste gestel en bespreek is, gaan oor die Belydenis van Belhar **ás 'n belydenis(skrif)**. Dit was duidelik dat die vraag na wat die huidige belydenisgrondslag van die NG Kerk is, en in watter mate dit ons lees en uitleg van die Bybel bepaal en ons gemeentelike praktyke en daaglikse lewens as Christene beïnvloed, tans 'n aktuele saak is. Leef die gereformeerde belydenis regtig in ons NG Kerke? En sal dit help as ons nou nóg een byvoeg, naamlik die Belydenis van Belhar?

Waarnemers tydens die byeenkomste het hieroor twee interessante tendense bespeur: aan die een kant, 'n konfessionalisme wat die bestaande belydenisskrifte

so te sê verhef tot op dieselfde vlak as die Skrif en dit as feilloos ag – en daarom die Belydenis van Belhar nie as deel daarvan kán aanvaar nie. Na hierdie kant is daar op die eiesoortigheid en kontekstualiteit van ons bestaande belydenisskrifte gewys (in oorsprong en bedoeling), en wat hulself ondergeskik aan 'n voortgaande luister na die Skrif gestel het. Aan die ander kant, 'n dekonfessionalisme waarin ons huidige belydenisgrondslag hoogstens as 'n tradisie of erfenis beskou word en dus 'n relatief onbelangrike faset van ons kerk-wees – en daarom is die aanvaarding van nóg 'n belydenis irrelevant òf onnodig òf opsioneel. Na hierdie kant is daar op die noue verband tussen 'n kerk se konfessie en haar identiteit gewys: ons word geken aan wat ons oor God, sy openbaring, ons verlossing en die uitwerking daarvan in ons lewens bely, en of ons dit inderdaad met integriteit uitleef.

Tot sover, die terugvoer uit die streeksbyeenkomste van Maart 2013 in die NG Kerk Vrystaat. Uit die verskeidenheid van standpunte wat gestel is, het die Taakspan hierbo dié wat oor die strekking en vertolking van die besluit van die Algemene Sinode 2011 (3.1) gegaan het, asook oor die huidige proses en rol van kerklike leierskap (3.2), die huidige konteks en onderliggende houdings daarin (3.4 en 3.5), die teologiese inhoud van die belydenis (3.6) en die konfessionele aard en posisie van die Belydenis van Belhar (3.7) as die belangrikste momente in hierdie rondte van die gesprek uitgelig.

4. TEN SLOTTE: BOTHAVILLE EN DAARNÁ

Die Taakspan het sy opdrag soos van die Moderamen ontvang, uitgevoer deur interne besinning en gesprek; 'n op hoogte bly met prosesse in ander sinodale gebiede en die Algemeen Sinodale-verband; die voorbereiding van inligting vir voorlegging aan die Moderamen en streeksbyeenkomste; die verwerking van terugvoer wat ontvang is en 'n laaste gesprek met die Moderamen om hierdie verslag aan die Sinode in Junie in Bothaville te finaliseer. Hiermee vertrou die Taakspan dat sy opdrag afgehandel is om die Vrystaatse gesprek oor die Belydenis van Belhar bona fide te help.

In 'n sekere sin bied die huidige gesprek en proses rakende die Belydenis van Belhar 'n belangrike geleentheid aan die NG Kerk om tot duidelikheid oor haar gereformeerde teologiese identiteit en eietydse roeping as 'n kerk van Christus in Afrika, te kom. Predikante en lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings moet dit daarom nie ligtelik verby laat gaan sonder om na die wil van die Here – en niks of niemand anders – hierin te soek nie.

Met die oog daarop, lê die Moderamen die volgende aanbeveling voor die Sinode:

Aanbeveling:

Die NG Kerk Vrystaat

1. **verbind haarself tot die kerkordelike proses soos wat dit in Artikel 44 van die Kerkorde (2011) uitgespel is, met die oog op 'n besluit oor die Belydenis van Belhar;**
2. **versoek die Algemene Sinode van die NG Kerk om hierdie kerkordelike proses so spoedig moontlik van stapel te stuur; en**
3. **doen 'n beroep op die Algemene Sinode en alle kerkvergaderings, ook in ringe en gemeentes, om toe te sien dat hierdie proses inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue; met 'n opregte gebed dat daar heling in ons kerke sal kom; en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus.**

BELYDENIS VAN BELHAR
(Oktober 1986)

1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

2. Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is *(Ef. 2:11-22)*;

dat die eenheid van die Kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word *(Ef. 4:1-16)*;

dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo *(Joh. 17:20, 23)*; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;

dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees *(Fil. 2:1-5, 1 Kor. 12:4-31)*, daarin dat ons gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen *(Joh. 13:1-17, 1 Kor. 1:10-13)*; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar vrywillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdronge is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig *(Ef. 4:1-6, 3:14-20, 1 Kor. 10:16-17, 1 Kor. 11:17-34, Gal. 6:2, 2 Kor. 1:3-4)*;

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan kry en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God *(Rom. 12:3-8, 1 Kor. 12:1-11, Ef. 4:7-13, Gal. 3:27-28, Jak. 2:1-13)*;

en dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

Daarom verwerp ons enige leer

wat òf die natuurlike verskeidenheid òf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;

wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;

wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag, sonde is;

en wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon *(2 Kor. 5:17-21, Mat. 5:13-16, Mat. 5:9, 2 Pet. 3:13, Openb. 21-22)*;

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring *(Ef. 4:17-6:23, Rom. 6, Kol. 1:9-14, 2:13-19, 3:1-4:6)*;

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer, dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en ontkragtig.

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring *(Deut. 32:4, Luk. 2:14, Joh. 14:27, Ef. 2:14, Jes. 1:16-17)*; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en die blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek *(Jak. 1:27 en 5:1-6, Luk. 1:46-55, 6:20-26, 7:22 en 16:19-31)*;

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom *(Ps. 146, Luk. 4:16-19, Rom. 6:13-18, Amos 5)*;

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees *(Ef. 4:15-16, Hand. 5:29-33, 1 Pet. 2:18-25 en 3:15-18)*.

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

BEGELEIDENDE BRIEF BY DIE BELYDENIS VAN BELHAR

1. Ons is bewus daarvan dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van ‘n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so ‘n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerk-familie tans so ‘n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as ‘n teologiese gespreksbydrae of as ‘n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as ‘n kreet uit die hart, as ‘n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolg medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en Skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is dat die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so ‘n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word, die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so ‘n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot ‘n daad van belydenis nie. Dit moet ‘n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe mense of ‘n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen ‘n valse leer, teen ‘n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is, hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so ‘n valse leer en weet dat vele daardeur gekondisioneer is, in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, intergriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons die krag van misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid of intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land ‘n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat ‘n daad van belydenis ‘n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self ‘n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk, by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenisniks anders nie as ‘n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in ‘n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en

onverdraagsaamheid wees, sodat ons, terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so ‘n daad van belydenis en ‘n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en –verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op ‘n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onsself as mekaar opnuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters in die NG Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin sáám met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry word en sáám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik ‘n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van ons Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus, hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.

LAUDIUM DECLARATION

This declaration was born from the resolution of the **Reformed Church in Africa** in 1986 to maintain her stand as an Evangelical Reformed Church.

1. BIBLICAL GOSPEL

We affirm that the biblical Gospel is God's enduring message to our world, and we determine to defend, proclaim and embody it.
We affirm our commitment to the primacy of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that Evangelism is not a optionn but an imperative.
We affirm that men are born in sin and guilty, and lost without Christ and totally depraved.
We affirm that other religions and ideologies are not alternative paths to God, and there is no other name given among men whereby we can be saved but the name Jesus.
We reject as derogatory to Christ and the Gospel every kind of sincretism and dialogue which implies that Christ speaks equally through other religions and ideologies. To proclaim Jesus as the Saviour of the world is not to affirm that all men are either atuomatically or ultimately saved.

2. HOLY SPIRIT'S WITNESS

We affirm that the Holy Spirit's witness to Christ is indispensable to evangelism and that without His supernatural work new birth and new life is not possible and all our endeavours fruitless.
We affirm that we who proclaim the Gospel must exemplify a life of holiness and love, otherwise our testimony loses its credibility.
We affirm the constant need for revival and determine to seek God's face constantly for revival in our own lives, in the life of the RCA, and in the Church in South Africa at large.
We affirm that nothing commends the Gospel more eloquently than a transformed life and nothing brings it into disrepute so much as personal inconsistency. We determine to live worthy of the Gospel of Christ.

3. EVANGELISTIC WITNESS AND COMPASSIONATE SERVICE

We affirm that the congregation of believers should turn itself outward to its local community in evangelistic witness and compassionate service.
We affirm that God has committed the whole Gospel to the whole Church and to every member the task of making Christ known throughout the world. We long to see all lay and ordained persons mobilised and trained for the task. We determine to proclaim the Gospel faithfully, urgently, passionately and sacrificially, until He comes.
We affirm that we must demonstrate God's love visibly by caring for those who are deprived of justice, dignity, food and shelter.
Governments, religious bodies and nations will continue to be involved with social responsibilities but should the church fail in her mandate to preach the Gospel no other body wil do so.

4. UNITY

We affirm our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immediate circle of our church we will foster structural unity with those who share the same

confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Afria.
We affirm that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the Church the barriers of race, gender and class. We affirm that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness.

5. PROPHETIC WITNESS

We affirm that the proclamation of God's kingdom of justice, peace and holiness demands the denunciation of all injustice, oppression and immorality. We will not shrink form this prophetic witness.
We affirm the freedom in Christ of the church of Jesus Christ and refuse the alignment of the church to any ideology or current political trend, power or movement.
We affirm our solidarity with those who suffer for the Gospel and will seek to prepare ourselves for the same possibility.
We affirm the right of the believer to conscientious objection. In our demonstration and witness against evil we determine not to use carnal weapons but to act in the spirit of Christ and through spiritual warfare and constant prayer enter into Christ's victory over the principalities and powers of evil.

EENHEID, VERSOENING EN GEREGTIGHEID – DIE KERNSAKE IN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Dr Gideon van der Watt

Maart 2013

1. HISTORIESE KONTEKS

Elkeen van die talle Gereformeerde belydenisse het binne of in reaksie op ‘n bepaalde politieke of kerklike konteks onstaan – konkrete oomblikke (*kairos* momente) waar die oortuiging gegroei het dat die waarheid van die evangelie op die spel geplaas word en waarin die kerk nie anders kan as om in ‘n staat van belydenis (*status confessionis*) oor te gaan nie. So het die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en byvoorbeeld die Barmen Verklaring ontstaan. En so is ook Belhar gebore, as ‘n “kreet uit die hart… om die evangelie ontwil” oor die “kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerkfamilie” (Vgl. Die Begeleidende Brief).

Ook die Belydenis van Belhar kan dus nie los verstaan word van die historiese situasie waarin dit ontstaan het nie. Net soos die ander Gereformeerde belydenisskrifte, is Belhar ook nie “‘n a-historiese, tydlose en kontekslose dokument met ewige en finale formuleringe, wat net só en nie anders gestel kan en moet word nie. Die inhoud van sulke belydenisse lê in hulle strekking, in hulle religieuse motiewe, in hulle geestelike beslissings, in die insigte wat hulle oor die evangelie wou verwoord in hulle spesifieke konteks, in die oortuiging wat hulle wou bely téénoor misleidende oortuigings in die lug” (Berkouwer, soos verwoord deur Dirkie Smit). Belhar moet daarom geweeg word in die lig van die teologiese inhoud daarvan, die geestelike beslissing en bedoeling oor die waarheid van die evangelie binne die konteks. Daarom is die begeleidende brief, soos ook by die ander belydenisskrifte, vir die verstaan van die belydenis van wesenlike belang. Sodat dit in ons eie konteks telkens weer lewend en nuut vertolk kan word.

2. BELYDENIS OF TEOLOGIESE VERKLARING?

Belhar is in eenvoudige, lofsingende (*doksologiese*) en belydende taal geskryf. Dit wemel van direkte aanhalings van frases en tekste uit die Bybel en die bestaande belydenisskrifte – dit het nie die karakter van bloot ‘n teologiese verklaring of studiestuk nie. Dit is as belydenis bedoel. Die inhoud fokus veral op die kerk se identiteit en roeping in die wêreld.

3. AANHEF EN SLOT

Die aanhef en slot is meer as terloopse opmerkings. In die aanhef word daar in die woorde van die Kategismus bely dat “die Drie-enige God self deur sy Woord en Gees die kerk versamel, beskerm en versorg”. In die historiese konteks was dit ‘n duidelike afwysing van die volkskerk-gedagte, waarin die liberaal-teologiese konsep van vrye assosiasie van gelykgesindes en menslike oorweginge soos kulturele, sosiologiese of politieke ideologieë die deurslag gee. Teenoor die volkskerk gaan dit hier om ‘n belydeniskerk, om die kerk wat voortvloei uit die hart en handelinge van die Drie-enige God. Netso is ook die slotgedeelte, met die oer-belydenis dat Jesus die Here is, binne die destydse konteks nie so onskuldig bedoel nie. Nie aan die keiser, of watter mag of ideologie ook al nie, maar alleen aan die Here van die kerk is gehoorsaamheid verskuldig!

4. DRIE SAKE IN DIE HART VAN DIE EVANGELIE

Binne die teologiese raamwerk van die aanhef en slot, wat so swanger aan betekenis is, word drie kernsake oor die kerk bely: eenheid, versoening en geregtigheid, drie eienskappe wat mens direk sou kon verbind aan die 12 Artikels en die Belydenis van Nicea se een,

heilige en algemeen Christelike kerk, die gemeenskap van heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Elkeen van die drie sake word in ‘n bepaalde struktuur aan die orde gestel. In die eerste plek word iets bely oor die wese van God en die handelinge van God. Dit gaan oor hoe God is en watter gawes Hy aan sy kerk skenk. In die tweede plek gaan dit oor die opdrag, die roeping wat daaruit voortvloei. Wat God gee, word ook opdrag. Die indikatief is tegelyk ook imperatief. Vanuit die identiteit vloei die roeping. En in die derde plek gaan dit oor die praktiese implikasies daarvan vir die kerk, maar dit gaan ook – soos by alle belydenisse – oor die dinge wat afgewys of bestry moet word, naamlik dit wat binne die konteks die waarheid van die evangelie op die spel plaas.

4.1 DIE LEWENDE EENHEID VAN DIE KERK

Daar sou baie redes, selfs goeie en dwingende redes, genoem kon word waarom die kerk, veral dan die NG Kerkfamilie, een behoort te word. Belhar bely dat daar net één ware God is, één Here, die één liggaam van Christus, één geloof, één doop… (vgl. die talle direkte aanhalings uit die Johannes Evangelie, Efesiërs en Kolossense). En hierdie één God skenk aan sy kerk die eenheid as gawe; Christus sterf daarvoor aan die kruis; Hy bid daarvoor; Hy stuur sy Gees as die saambindende krag. Dié eenheid word nie deur ons geskep nie, dit is nie ons keuse of maaksel nie, dis ‘n gawe van God aan sy kerk.

Die eenheid is egter tegelyk ook opgawe; ons moet uitleef wat ons in Christus reeds is, tot lof van God en sodat die wêreld kan glo. Hy het reeds die muur van skeiding afgebreek, die magte wat ons skei deur sy dood oorwin. Daarom kan ons die eenheid sigbaar uitleef, kan ons word wat ons in Christus reeds is.

In die derde plek word bely hoe die eenheid op ‘n verskeidenheid van maniere uitgeleef behoort te word. Dit gaan om liefdesdade; om die belewing van gemeenskap met mekaar; of dat ons, in die woorde van die Kategismus, onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillige en met vreugde gee, daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, ens. Dit is ‘n eenheid wat slegs in vryheid gestalte kry en nie onder dwang nie en waarin die verskeidenheid in taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus, geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God. Maar dan wys die belydenis ook leerstellinge af waarin “sondige geskeidenheid’ (byvoorbeeld op grond van afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore) so verabsoluteer word dat dit die eenheid van die kerk bedreig of verhinder.

Vir die NG Kerkfamilie vandag beteken die belydenis dat ons, ten spyte van die teenslae en jarelange gesloer, nie mag berus in ‘n verskeurdheid tussen broers en susters binne die een familie nie, maar dit onvermoeid moet najaag. Histories hoort ons byeen; ons deel dieselfde belydenis en roeping; prakties sou ons soveel meer kon vermag en mekaar kon verryk as ons een word; die geloofwaardigheid van ons getuienis in die wêreld kan soveel baat by groter sigbare eenheid… maar, bely Belhar, dit gaan in die eerste plek om die één God, wat eenheid aan ons skenk, as gawe en opgawe… en tot troos.

4.2 WARE VERSOENING

Weereens gaan dit eerstens om versoening as gawe uit God se hand, uit God se hart. Deur sy leweskeppende Woord en Gees het God die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid, haat, bitterheid en vyandskap, oorwin. Binne die konteks van die 1980’s, waar soveel spanning en geweld hoogty gevier het, was hierdie belydenis dat die versoening in Christus sterker is as die natuurlike en kulturele verskille tussen gelowiges, nie ligtelik opgeneem nie.

Die boodskap van versoening is egter ook aan die kerk toevertrou; die kerk is as vredemakers in ‘n wêreld vol vyandskap geroep. Deur sy Woord en Gees stel die Here sy kerk in staat om in ‘n nuwe gehoorsaamheid te lewe, en so ook nuwe lewensmoontlikhede in

die wêreld te bring. Indien die kerk dit byvoorbaat nie glo en uitleef nie, weerspreek ons eie lewe dan die waarheid van ons eie getuienis oor die versoening.

Hierdie versoening moet ook prakties uitgeleef en op allerlei maniere beliggaam word, in die kerk en in die wêreld. Daarom moet enige leer wat in die naam van die Evangelie gedwonge skeiding op grond van vrees, selfsug, ongeloof of op basis van ras en kultuur legitimeer - en so die versoenende krag van die evangelie byvoorbaat verloën - verwerp word. Deur die Woord en Gees is versoening moontlik, bely Belhar.

In die destydse konteks was dit nie so ‘n maklike saak om versoening te bely nie, ook nie vanuit die geledere van die ou NG Sendingkerk nie. Versoening kon maklik goedkoop gemaak word, ‘n oppervlakkige vergewe en vergeet. Ware versoening vra ‘n prys. Dit het Christus immers die kruis gekos! Die belydenis is dus soos ‘n tweesnydende swaard.

Hierdie belydenis oor versoening is vandag, in ons toenemende verskeurde, bevreemdende, gewelddadige en moordlustige samelewing nog net so aktueel, indien nie meer so nie. Daarom bied die belydenis aan ons taal vir protes, maar ook woorde van troos: dis moontlik om teen alle teenstand in tog by egte versoening uit te kom, want Christus Jesus het die haat, bitterheid en vyandskap reeds oorwin.

4.3 ONTFERMENDE GEREGTIGHEID

Die derde inhoudsdeel begin by ‘n lofbetuiging oor hoe die Bybel die geregtigheid van God aan ons openbaar, as reddende geregtigheid, as ontfermende geregtigheid, wat bevry uit nood en reg laat geskied aan hulle wat veronreg word, wat vergewe, regverdig en heilig – wat *sjaloom* of kosmiese vrede laat deurbreek. Dit is geregtigheid wat nie los te maak is van God se liefde en trou nie.

Die mees omstrede formulering is dat God, in ‘n wêreld vol onreg en vyandskap op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en verontregte is en dat Hy sy kerk roep om hom hierin na te volg – dit op voetspoor van Psalm 146 en Lukas 4, maar ook Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daarom kon Kerk en Samelewing in 1986 dit in Art 144 ook nie juis anders gesê kry nie: “God is immers by uitnemendheid die Een wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree”. Want, só openbaar die God van geregtigheid Homself.

God roep dan die kerk om Hom hierin na te volg, deur mense in enige vorm van nood en lyding by te staan, goed te doen en die reg te soek. Geregtigheid, barmhartigheid en aanbidding hoort byeen (Matteus 23:23). Maar die kerk word ook geroep om te getuig teen enige vorm van onreg en teen magtiges wat uit selfsug hul eie belang soek, oor andere beskik en hulle benadeel. Die legitimering van alle vorms van verontregting, ook vanuit die evangelie, moet afgewys word.

In ‘n wêreld waarin onreg en selfsug skynbaar die oorhand het, vind ons almal in hierdie belydenis taal vir protes (ons is immers Protestante!) en taal wat troos, wat ons daaraan herinner dat God ‘n toevlug en beskerming is in nood (Psalm 46). En wanneer ons moet handel oor die sensitiewe saak van regstellende geregtigheid, byvoorbeeld die sensitiewe saak van die herverdeling van grond, herinner Belhar ons dat dit nie gaan oor juridiese of filosofiese geregtigheid, restitusie of vergelding nie, maar oor ontfermende geregtigheid, geregtigheid wat heel maak en vrede bring.

5. IS BELHAR, NAAS DIE BESTAANDE BELYDENISSKRIFTE, NODIG?

As Belhar so sterk steun op die bestaande belydenisskrifte, en, soos die Algemene Sinode lank reeds verklaar het, in ooreenstemming met die belydenisse en die Skrif is, is die vraag: is ‘n vierde belydenis regtig nog nodig? Bely die klassieke belydenisse dié sake dan nie alreeds genoegsaam nie? Hoewel in ooreenstemming met die klassieke belydenisse, bely Belhar tog méér, en núút, binne ons konteks. Die verskil is: die fokus in Belhar is nie net op wat ons oor die kerk se identiteit bely nie, maar veral ook op wat ons oor die kerk se roeping

in die wêreld bely, hoe die kerk haar identiteit moet uitleef, sigbaar, konkreet, gehoorsaam. Belhar gaan dus veral oor hoe ons dit wat ons met die mond bely, ook sigbaar moet uitleef… miskien lê juis hierin die diepste ongemak met Belhar?

Geraadpleegde bronne:

Botha J en Naude P. 2010. *Goeie Nuus om te Bely. Die Belydenis van Belhar en die Pad van Aanvaarding*, Bybel-Media, Wellington.

Cloete GD en Smit DJ. 1984. *A Moment of Truth. The Confession of the Dutch Reformed Mission Church 1982*, Eerdmans, Grand Rapids.

Jonker WD. 1994. *Bevrydende Waarheid. Die karakter van gereformeerde belydenis,* Hugenote Uitgewers, Wellington.

Kerk en Samelewing, 1986, Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Naude P, 2012. "The Belhar Confession and Church and Society: a comparative reading in five statements", in *Acta Theologica*, Jaargang 32, Nommer 2.

Smit DJ.

- 2006. *Die Gereformeerde siening van Belydenis? Enkele algemene gedagtes*. Ongepubliseerde artikel.

- 2011. *'n Blik op Eenheid, Versoening en Geregtigheid 1986 en 2011*, Ongepubliseerde lesing by Fakulteit Teologie, UV, Bloemfontein (ook in *Acta Theologica* Jaargang 32, no. 2).

BELHAR – NIE AS 'N BELYDENISSKRIF NIE

Prof Johan Janse van Rensburg
Maart 2013

Daar is 'n paar dinge wat hinderlik en kommerwekkend is in die proses om uitvoering aan Artikel 44 van die Kerkorde te gee.

1. DIE INHOUD VAN BELHAR EN DIE AANVAARDING AS BELYDENISSKRIF

Die inhoud van die Belydenis van Belhar (hierna Belhar) word met die aanvaarding as belydenisskrif gelyk gestel. Lang en passievolle uiteensettings van die inhoud van Belhar om te bewys dat Belhar sê wat die Skrif oor Eenheid, Geregtigheid en Versoening sê, word gegee. Ongetwyfeld kan dit nie ontken word nie. Dit is ook nie waaroor die stryd na my mening gaan nie. Die probleem is dat sommige voorstanders van Belhar redeneer dat ons Belhar as belydenisskrif moet aanvaar omdat die inhoud daarvan Skriftuurlik is. Dit is 'n logiese sprong om so 'n afleiding te maak. Persoonlik onderskryf ek die beginsels van Belhar (eintlik is dit Skrifbeginsels wat Belhar slegs na-sê) maar om dit as 'n belydenisskrif te aanvaar, lê op 'n ander vlak. Dit is sleg vir die gesprek oor Belhar dat psigagogie (emosionele druk) as hefboom gebruik word om mense te oorreed dat hulle Belhar moet aanvaar omdat die inhoud Skriftuurlik is. Wie dit nie as belydenisskrif wil aanvaar nie, is volgens hierdie uitgangspunt aan God en die Skrif ongehoorsaam. In 'n ope brief aan lidmate in *Kerkbode* skryf prof. Piet Naude byvoorbeeld oor die onwilligheid om Belhar te aanvaar: "Is daar dan iets anders as ongehoorsaamheid aan die stem van die Here wat sal maak dat ons na 'n kwarteeu nog nie bely nie?"[1] Ek kry die gevoel dat daar moeite gedoen word met inligtingsessies en inligtingstukke om Belhar as Skrifgetrou voor te hou in die veronderstelling dat lidmate dan noodwendig Belhar as belydenisskrif moet aanvaar. **Instemming met die inhoud van Belhar veronderstel nie noodwendig die aanvaarding daarvan as belydenisskrif nie. Omgekeerd kan die weiering om Belhar as belydenisskrif te aanvaar, nie sonder meer met ongehoorsaamheid aan God gelyk gestel word nie.**

2. SUBTIELE MANIPULASIE VAN DIE PROSES

Dit is reeds langer as 'n jaar nadat die Algemenese Sinode die besluit geneem het om artikel 44 van die kerkorde toe te pas. Tog het die ASM besluit om nie dadelik uitvoering aan die besluit te gee nie. Daar is besluit om inligtingsessies in gemeentes te hou in 'n poging om lidmate van die Skriftuurlikheid van Belhar te oortuig in die hoop dat die meningspeiling van 'n paar jaar gelede teen Belhar omgeswaai sal kan word. Daar is selfs in die wandelgange gesê dat predikante "aan boord" gekry moet word om Belhar te aanvaar, wetende dat predikante wat positief oor Belhar is, hulle gemeentes sal beïnvloed om Belhar te aanvaar. Die voorsitter van die ASM het aan die ASM die versekering gegee dat die proses openlik en sonder beïnvloeding sal wees. Maar 'n week later gee hy aan die Algemene Sinode van die VGK die versekering dat Belhar as belydenisskrif *aanvaar sal word* en dat die kerkleiding *"eenparig agter Belhar staan"*[2]. Kerkbode berig dat die ASM "eenparig" besluit het om Belhar as belydenisskrif te steun[3], terwyl dit eenvoudig onwaar is. Die bewering word gemaak dat die hele gereformeerde wêreld Belhar aanvaar het, terwyl dit ver van die waarheid is. Alles word gedoen om die indruk te skep dat almal reeds Belhar aanvaar het en dat ons dus nie 'n keuse het nie. **Enige sodanige vorm van manipulasie van die proses, hoe subtiel ookal, gaan die kerk duur te staan kom.**

---

1 *Kerkbode* 7 Oktober 2011

2 Kerkbode 19 Oktober 2012: 5

3 Kerkbode, 15 Februarie 2012: 3

3. SOSIO-POLITIESE DRUK SPEEL 'N ROL

Die haglike landsomstandighede word deesdae al hoe meer gebruik as hefboom om Belhar aanvaar te kry. Die argument lui dat die inhoud van Belhar die sosio-politieke nood sal kan aanspreek. "Ons kan nie langer wag om Belhar te aanvaar nie", word dan aangevoer. Dit is egter na my mening 'n gevaarlike strategie om Belhar aanvaar te kry. Die argument bou op die aanname dat Belhar die samelewing sal regruk. Maar as die samelewing die Skrif as primêre bron oor eenheid, versoening en geregtigheid het en dit maak geen verskil nie, hoe op aarde sal die aanvaarding van Belhar ons land tot inkeer laat kom? Die Verenigde Gereformeerde Kerk het Belhar al 25 jaar gelede aanvaar en dit kon nie 'n betekenisvolle verskil aan die haglike omstandighede in ons land meebring nie. Daar word selfs gesuggereer dat die kerk nie haar werk sonder Belhar kan doen nie ('n opmerking by die Algemene Sinode van 2011). Word daar nie dan meer mag en gesag aan Belhar as aan die Skrif toegeken nie? **Om die dringende nood van ons sosiale konteks as hefboom te gebruik om die proses te bespoedig om Belhar aanvaar te kry, is nie alleen bedenklik nie, maar ook teologies ongeregverdig**.

4. BELHAR 'N POLITIEKE DOKUMENT?

Ek kan nie met die argument saamstem dat Belhar 'n politieke dokument is nie. Ek aanvaar dat Belhar uit 'n politieke konteks ontstaan het. Prof. Dirkie Smit verduidelik: "Ook die *Belydenis van Belhar* is gebore in so 'n historiese oomblik, van apartheid en van die Bybelse en teologiese regverdiging van apartheid binne die kerk self. Sonder dié politieke en kerklike agtergronde was daar geen *Belhar* nie en sonder die teologiese debatte van destyds kan die ontstaan van *Belhar* nie na behore verstaan word nie."[4] Dit maak dit egter nie 'n politieke dokument nie. Dit is 'n teologiese dokument wat uiters-noodsaaklike perspektief op die sosio-politieke dispensasie bied. Maar daarin lê juis die verskil. In 1998 het die Algemene Sinode die belangrike onderskeid tussen die aard van 'n belydenisskrif en teologiese besinning oor geloofswaarhede getref. Die volgende aanhaling uit die besluit is betekenisvol: "Terwyl die beoefening van teologie altyd tydgebonde, feilbare mensewerk is, het ons in die kerlike belydenis met meer as net die akademiese menings van teoloë te make. In *die belydenisskrifte herken ons die algemene ongetwyfelde christelike geloof, soos die kerk dit op grond van die Skrif bely"*[5]. ***Hieruit is dit duidelik dat die aard van 'n belydenisskrif op 'n ander vlak lê as 'n teologiese dokument wat sosiale kommentaar lewer.***

5. DIE STRYD OM BELYDENISAANVAARDING

Ek is nie oortuig dat die stryd wat destyds rondom die vorming van die Drie Formuliere van Eenheid ontstaan het, met die huidige stryd oor die aanvaarding van Belhar vergelyk kan word nie. Die stryd destyds het oor teologiese heilswaarhede gehandel, oor die beginsels van die "algemene Christelike ongetwyfelde geloof", om die bewoording van die Algemene Sinode te gebruik. Die huidige stryd handel oor die aanvaarding Belhar *as belydenisskrif*. Ek en baie ander stry nie oor die teologiese inhoud van Belhar nie, maar voel dat Belhar eerder 'n eietydse getuienis, soos die bekende Barmen-verklaring kan wees, nie 'n belydenisskrif nie. **Persoonlik bly dit vir my 'n belangrike struikelblok dat Belhar oor 'n tydperk van 25 jaar nie groter eenheid kon bewerk nie maar eerder groter verdeeldheid.**

6. SLOT

Ek het drie slotopmerkings:

---

4 Smit, Dirkie. 2011 . *'n Blik op eenheid, versoening en geregtigheid 1986 en 2011. Oor die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.* Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, 31 Oktober 2011, CR Swart Ouditorium, Bloemfontein.

5 Handelinge van die Tiende vergadering van die Algemene Sinode:517; 11.1.3

6.1 Laat ons die inhoud van die Belydenis van Belhar ernstig opneem. Oor presies hoe dit in die praktyk toegepas behoort te word, moet ons voortgaan om met mekaar in gesprek te tree.

6.2 Laat ons versigtig wees om mekaar se *bona fides* in twyfel te trek of mekaar te etiketeer.

6.3 Laat ons onsself aan God en aan mekaar verbind om met integriteit en biddend die proses te deurloop ter wille van die Here se kerk en koninkryk.

[Opmerking: Hoewel dit ‘n persoonlike standpunt is, is hierdie skrywe op versoek van die Moderamen van die Vrystaat geskryf. Dit sluit aan by die standpunte in my bydrae tot die publikasie: *Belhar geweeg*.]

DIE BELYDENIS VAN BELHAR – GETUIENIS, STOK EN STAF, CREDO?

Ds Jan Lubbe
Maart 2013

Die besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2011 was ‘n beslissende moment op die pad waarlangs die NG Kerk al sedert 1982 – dit is drie dekades gelede – met die Belydenis van Belhar aangekom het. Nou is dertig jaar nie baie in die lewe van ‘n credo of belydenisskrif nie: die *Apostolicum* het oor selfs drie eeue gegroei en van *Heidelberg se Kategismus* na *Dordt se Kerkorde* het meer as ‘n halfeeu geneem. En dít is die eintlike konteks waarbinne Belhar geweeg moet word: die “familie” van ons belydenisskrifte; groot geselskap, in der waarheid.

Sewe opmerkings kan ons gesprek hieroor, help:

1. Die huidige belydenisgrondslag van die NG Kerk bestaan uit ‘n verskeidenheid van simbole en skrifte, elk na hul eie aard, struktuur en funksionering.

Ons bely in verbondenheid met die Christelike kerk van alle eeue (wel nie alle oorde!), ons Christelike geloof soos dit uitgedruk word in drie ekumeniese belydenisse of simbole, te wete die *Apostolicum*, *Nicea* en *Athanasius*. Hierdie drie simbole – in ooreenstemming met die leer van die apostels, die Skrif – is kort en kragtige uitdrukkings van ons Christelike geloof, omdat dit in die eerste eeue met daardie bedoeling tot stand gekom het: dit wou in die liturgie en aanbidding van die kerke funksioneer, met name by die bediening van die sakramente. Daarom dat ons ten minste die *Apostolicum* Sondae in ons eredienste bely: hieraan herken ons mekaar as Christene en getuig ons teenoor die wêreld van wat ons glo.

Verder bely ons in verbondenheid met die gereformeerde kerke uit die Reformasie, ons Christelike geloof soos dit uiteengesit word in drie skrifte of formuliere van enigheid, te wete die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB), die *Heidelbergse Kategismus* (HK) en die *Dordtse Leerreëls* (welwetende dat daar ook bykans ‘n honderd ánder sulke skrifte in die Reformatoriese tradisie leef). Hierdie drie belydenisskrifte is omvattende en breedvoerige uiteensettings van die teologiese oortuigings wat in die sestiende eeu in die Skrif herontdek is en tot ‘n hervorming van die kerke gelei het. In hierdie opsig verskil hulle van die ekumeniese simbole, maar hulle verskil ook onderling van mekaar in aard, struktuur en funksie: die NGB se 37 artikels was eerstens ‘n moedige getuienis, die HK ‘n boek vir troosryke onderrig oor 52 Sondae versprei, en die DL ‘n skerpsinnige standaard van 5 reëls vir ‘n suiwer uitleg van die verlossingsleer. Vanweë hul uitvoerige aard en die sterk fous op die Christelike verlossingsleer (soteriologie), is al drie hierdie belydenisskrifte steeds baie nuttig in die onderrrig van dooplidmate (kategese).

2. Daar loop ‘n gedeelde gerigtheid deur hierdie simbole en skrifte, al het elk ook ‘n eie skopus en seggenskrag na die belydenisgrondslag van die NG Kerk gebring.

Elkeen van die drie simbole en drie skrifte in ons belydenisgrondslag het ‘n eie skopus en seggenskrag – daarom dat ons al ses ontvang het en steeds behou, soos in paragraaf 1 uiteengesit. Maar dat daar ‘n gedeelde gerigtheid deur hul algar loop, herken ons ook dadelik en dit is waarom ons hulle steeds met ‘n “ja” by ons handtekening onderskryf:

- die Trinitariese belydenis oor God – ons Vader, Verlosser en Vertrooster – is in die grondstrukture van hierdie simbole en skrifte ingebed;

- die primaat van die geopenbaarde Woord van God – in sy Skepping, Seun en Skrif – word bely; en
- juis daarom herinner hierdie simbole en skrifte ons aan die omvattende appél van God op ons ganse lewe vóór Hom en mét mekaar; liefde vir God en liefde vir die naaste; versoening met Hom en met mekaar; beginnende by eersgenoemde en met onlosmaaklike konsekwensie vir laasgenoemde.

En tóg het elkeen van die simbole en skrifte dit op ‘n ander manier kom sê, anders sou die Christelike Kerk maar net by die Nuwe Testamentiese belydenis dat “Jesus die Here is” kon bly staan, òf by die *Apostolicum*. Maar daar het groei gekom, voortgang, uitbreiding. Byvoorbeeld: In gegewe omstandighede het gereformeerde kerke gevra dat daar by Dordt méér gesê moet word – uitvoerig verduidelik moet word – oor dit wat in die *Heidelbergse Kategismus* op Sondag 7 en 21 net vermeld word, naamlik die leer van God se genadige verkiesing van sondaarmense. Só was hulle as’t ware soos ‘n vergrootglas op mekaar neergesit: *Dordt* op *Heidelberg* en *Heidelberg* op die *Apostolicum* – in nuwe tye met nuwe vrae, is daar opnuut na die ou heilswaarheid gereik en is dit op ‘n nuwe manier gesê.

3. Die simbole en skrifte in ons belydenisgrondslag dra die merke van die tyd en kontekste waarin hulle gebore is, én het dit oorleef.

Nie een van die drie simbole en drie skrifte in ons belydenisgrondslag kan getrou aan die gees en bedoeling daarvan vertolk – en bely! – word sonder ‘n diepgaande inagneming van die tyd en konteks waarin dit ontstaan het nie. Op daardie geboortegronde het daar vanweë die vervlegtheid van kerk en samelewing ‘n verskeidenheid van kerklik-teologiese- en sosio-politieke faktore ingespeel en was die status confessionis – die kairos-uur vir kerke – verskillend, veelkantig en kompleks. Dít is waarom hierdie simbole en skrifte geboortemerke dra en vandag steeds hul moedertaal praat en aan ‘n vaderland herinner.

Dat hierdie simbole en geskrifte egter vertaal kon word en in ander kontekste en eeue herken is as ‘n belydenis van ons Christelike geloof oor heel spesifieke sake, maar in ooreenstemming met die Skrif – dít het van hulle konfessie gemaak. Kontekstueel, maar tydloos. ‘n Stok en ‘n staf om mee te gaan in ‘n wêreld wat anders geword het, en tog in sy verlorenheid steeds na die enigste Weg, Waarheid en Lewe verlang – ‘n Verlosser. In kerk en staat, huis en haard.

4. In hul oorspronklike tyd en konteks, en óók deur die eeue, het hierdie simbole en skrifte ‘n verdelende- én verenigende effek gehad.

Die geboorteverhale van al drie simbole en al drie skrifte in die belydenisgrondslag van die NG Kerk, spreek van verdeling en vereniging; van keuses wat gemaak moes word oor aan Wie ons meer gehoorsaam moet wees. Dit het in kontekste en tye van konfrontasie gekom, van dwaalleer en misleiding, van vervolging en ‘n vraag na wat die Waarheid van die Woord is. In daardie omstandighede het dit die opstellers daarvan gedwing tot ‘n ondersoek van die Skrif en ‘n eerlike spreke teenoor die gees van die tyd, teenoor maghebbers en tiranne, teenoor sisteme van verdrukking, teenoor die verdraaiing van die Woord om eie voorkeure en opvattings te regverdig. Elkeen van hierdie simbole en skrifte het daarom afgegrens en tot ‘n skeiding van die weë gelei. ‘n Belydenis is ‘n skerp, tweesnydende swaard.

Maar daarin lê juis ook die genesing. Terselfdertyd het hierdie belydenisskrifte en simbole ook verenig en bymekaargebring hulle wat nie uit innerlike oortuiging nie, maar deur die Gees en Woord gelei is tot ‘n nuwe verstaan van Wie God is en waar en hoe Hy in sy genade werk. Hulle kon mekaar as broers en susters ontdek en leer ken en liefkry. Hul één belydenis dat Jesus die Here is – van die *Apostolicum* tot

Dordt – het hulle bemoedig en ‘n gesamentlike profetiese stem teen die dwalinge van die tyd in leer en lewe, gegee.

5. Die Belydenis van Belhar as ‘n getuienis oor gister

Die geboortegrond van die *Belydenis van Belhar* was Suid-Afrika van die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu: ‘n land verskeur, en in die greep van ‘n bose ideologie. Die bediening van die Woord – die goeie tyding van God wat regeer en verlos en genees – is in alle kerke in daardie konteks deur die landsomstandighede geraak; in sommige gevalle was dit sigbaar in die stryd waarin kerke gewikkel was, in ander gevalle in die ontkenning van en ontvlugting uit daardie omstandighede. Alhoewel die NG Kerk oor dekades met hierdie realiteit geworstel het én daar die stemme van enkelinge, maar by geleentheid ook van vergaderings van NG Kerke teen hierdie ideologie opgegaan het – dink aan Bennie Keet, Ben Marais en Willie Jonker; die *Cottesloe*-beraad (1960); die *Hervormingsdag Getuienis* (1980) en die *Ope Brief* (1982) – was dit ‘n “dogter uit ons midde” wat haar stem hieroor laat hoor het, nie maar net as ‘n protes nie, maar as ‘n getuienis van die waarheid van God se Woord ín hierdie omstandighede. ‘n Belydenis dat die waarheid inderdaad op die spel is: die waarheid van wat ons onder andere in Sondag 21 van die HK bely oor wat ons van die “een, heilige, algemene Christelike Kerk” glo, om ook die *Apostolicum* aan te haal.

Hierdie getuienis – *Belhar* – het in ons land ‘n sjibbolet oor gister geword: hoe dink en praat ons regtig, in die stilte van ons harte en om die kaggelvuur van ons binnekamer met ons kinders en kleinkinders aan tafel, oor wat in hierdie land gebeur het? *Belhar* het ten regte of ten onregte ‘n toetssteen vir die geloofwaardigheid van ons NG Kerke se getuienis in die wêreld geword.

6. Die Belydenis van Belhar as ‘n stok en ‘n staf vir vandag

Die lewensomstandighede en wêreld waarin die *Belydenis van Belhar* sedert 1982 geleef het, en vandag steeds in ons midde lê – hier in Suid-Afrika, maar ook globaal – is steeds ‘n konteks van onbehaaglike verdeeldheid, onheilspellende onversoendheid en skreiende onreg. Aan hierdie werklikheid kan kerke hulle nie onttrek of van ontvlug nie – hetsy na die buiteland òf na een of ander goedvoel-godsdiens – want dit gaan steeds om dieselfde Blye Boodskap, en dieselfde troos dat ek met liggaam en siel aan die Here Jesus Christus behoort, daarin dat ek aan sy liggaam behoort, wat tans bedreig word. Dit wat rondom ons gebeur, raak die hart van wat ons van die kerk glo; dit eggo die onlosmaaklike band tussen soteriologie en ekklesiologie.

Die taal en woorde van *Belhar* – in samespraak met die drie simbole en drie skrifte in ons belydenisgrondslag – help ons ontdek dat dit in hierdie konteks en tyd nie om randsake gaan nie, maar inderdaad om die hart van die Evangelie. Om die appél van God op ons ganse lewe. Heil vir die hele wêreld. Abraham Kuyper se beroemde woorde: Daar is geen duimbreed van hierdie wêreld, waarvan Christus nie sê, ‘Dit is Myne’ nie. Die groot skeiding wat ons so dikwels maklik maak tussen die “vertikale” verhouding met God en die “horisontale” verhouding met ons medemens, is nie net ongereformeerd nie, maar ook nie in lyn met hoe Christus self die groot gebod saamgevat het: liefde tot God en – “die tweede wat hiermee gelykstaan” – liefde tot die naaste.

Die *Belydenis van Belhar* fokus ons aandag op die onvermydelike gevolg vir iemand wat bely dat hy of sy God liefhet: jou posisie en getuienis in die samelewing, in die werksplek en politiek, het daarmee onherroeplik verander.

7. Die Belydenis van Belhar as ‘n credo na môre

Die aard, struktuur en funksionering van die *Belydenis van Belhar* is net so uniek as die ander drie simbole en skrifte in ons belydenisgrondslag. Die inhoud van die *Belydenis van Belhar* sê ook iets unieks – dit dra geboortemerke, praat ‘n moedertaal en kom uit ‘n vaderland. Maar, die Woord van God en ons erfenis aan simbole en belydenisskrifte word daarin herken – dít het die Algemene Sinode van die NG Kerk al in 1998 gesê. Daarom is die *Belydenis van Belhar* ‘n waardige metgesel in die groot geselskap van ons drie ekumeniese simbole en drie gereformeerde belydenisskrifte. Dit help ons om die Woord van God nágesê te kry in ons eie tyd en konteks.

Net soos die ander egter, kan ‘n credo nie afgedwing word nie – dán verdeel dit net. ‘n Credo groei, neem tyd, oortuig van binne-uit. Dít is hoe dit genees. En dit is op dié weg dat ons na mekaar sal moet luister, van mekaar moet leer, mekaar by die hand vat en op die weg wat God ons lei, moet gaan.